

Vrydag 13 April

Skrifgedeelte: 1 Tessalonisense 4:15-18 (1933/53-vertaling)

Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 4:18

Bemoedig mekaar

Die gemeente in Tessalonika word nie oor alle aspekte van die dood en die wederkoms ingelig nie. Dit was ook nie Paulus se bedoeling nie, maar hulle moes 'n paar kernwaa-rhede goed begryp en mekaar daarmee vertrous en aanspoor.

Hierdie feite kan soos volg opgesom word: Jesus Christus kom weer. Die gelowiges wat intussen te sterwe kom, slaap net. Met die wederkoms word hulle in heerlijkheid opgewek. Hulle en dié wat met die wederkoms nog lewe, sal dan vir altyd by die Here wees.

Dit is veral laasgenoemde waarheid wat ons so dikwels miskyk. Gesprekke en bespie-gelinge rondom die eindtyd word oorheers deur vroe oor die toekoms van die aarde, die weersien al dan nie van geliefdes in die hemel, ensovoorts. Die werklike troos, die grootste bemoediging lê nie in die plek of die moontlike reünie daar met vriende en familie nie, maar in die teenwoordigheid van Christus.

Die verlanse om by Christus te wees, het ook die apostel Paulus se lewe oorheers. Vir hom was dit *verreweg die beste* (Fil. 1:23). Dit is ook die hoogtepunt van die toekoms-verwagting van die skrywer van die brief aan die Hebreërs, wat die grootste van hemelse heerlijkheid sien in die teenwoordigheid van *die Middelaar van die nuwe testament* (Heb. 12:24).

Wanneer ons medegelowiges dus te sterwe kom, wanneer ons eie sterfdag aangebreek het, het ons nie die einde van die pad bereik nie, maar is ons betekenisvol nader aan daardie Verlosser wat ons in ons belydenis as ons Enigste Troos in lewe en in sterwe leer ken.

Sing: Psalm 73:10, 11 (1936)

Ds. Gustav Opperman (Matlabas)